# Woordemoes-gedigte

**(oftewel mengelmoese van woorde)**


Skryf 'n lot kukrake woorde neer en maak 'n storie of gedig daarmee. Gebruik sommer enige woordeboek, koerant, advertensie of tydskrifartikel.

Kyk na die volgende voorbeelde op 'n blog (mnr.muller, 2011):

Hier is 'n woordemoes van die gedigte van Sheila Cussons en Elisabeth Eybers. Die gedigte is lukraak gekies, die woorde gesny en geplak in www.Wordle.net en siedaar: 'n stimulus vir jou om iets mee te probeer skryf. Probeer gerus!

Voorbeelde

**Woordemoes #1:**




mnr.muller se eerste probeerslag:

die lentegras tref onverwags
haar vingers soos 'n veer

sy sug van vreedsame verbasing
oor dié vlugtige aanraking

want die lug hang vars in die geur

kom, eerste, bleek liefde
kom, tingerig-fyn en vreemd
kom, sagte dood, blou en bedek
kom, voorjaarsgrond beleër

sy bedek haar aandag en hou vas haar verstand
haar bewussyn vol verwondering van herkenning
van die geurige oggendstond van die dood

teer en bleek die liefde
bleek en rein die grond
rein en vreedsaam die ligtheid
vreedsaam en lig die rougeklag
lig en tingerig-fyn die blom
tingerig-fyn en geurig die begrafnis
geurig en vars die lentegras
vars en slank haar eerste liefde

sagte liefde se eerste sprong

mnr.muller se tweede probeerslag:

tingerig-fyn soos 'n huismot in jou hand

en slank en vreedsaam: stil staan jy
stom van herinnering
'n sagte sprong soos liefde

… jou gedagtes begrawe jy op dié krans
en jou wonder-oë blom van herkenning
(diepblou en sag met wolke wat daarin kaats)

'n bewussyn soos 'n veer wat val
(op die wieke van die wind sou jy sê)

… die onthou sag soos sweet -
potente vingers wat vind en teer vasvat
die reuk van lentegras wat haar ore ligweg krap
ja dáár

dáár kom begrawe jy presies jou geurige aandag
in die vlugtige heraanraking
van jou voorjaarsgrond

rougevreet die rotse

jy raak presies dít aan sonder vreugde soos
wanneer lewe bloot gebeur of soos 'n terloopse dood
bloot nog 'n tree
op die krans van leë gedagtegange
(erosie)
ja, 'n sagte sprong
waar die wolke kaats in jou oë

en jy: 'n smeersel huismot op 'n oop palm
tingerig-fyn

die sand

estelleke se eerste probeerslag:

Soos eerste liefde
het jou stem stom
en tingerig-fyn gesterf
die ligtheid van jou aanraking
het my bygebly

Ek kan nie presies onthou
wanneer my rougeklag
op bitter voorjaarsgrond
die wonder in jou oë
bedek het nie

Sonder herkenning
of aandag
lewe die blom lank nie meer nie
die geurige bewussyn daarvan
is vreedsaam in lentegras begrawe

**Woordemoes #2:**




estelleke se tweede probeerslag:

sonder herkenbare oorsprong
tref die herinnering:

jou vingers se ligte aanraking
laat my met vlugtige vreugde
dink
aan die wonder in jou oë

ek begrawe my gedagtes
en word stom

skugter en onopgesmuk
spring jy onverwags
weer
sag in my hart

mnr.muller se probeerslag:

So

die son swel gewis
oor ieder en elk
oor knotwilg en wilderoos
sonder oordeel, vermoed ek
want kyk – die skadu's strek wees
vertak langsamerhand met uitgestrekte
vingers
oor stof en sand
- luister: nou klink die lieweheersbesies
skril in die blaar
waar die horison steeds bewe
en in 'n feller renons in ons son
sien ons onsself terreurloos

die gesig van die roos
verwelk
die knotwilg sweet verlep
en dieselfde goeie gelag sal ons weldra
verdra
soos die middagsomer

in geile oordaad

flapoor2 se probeerslag:

nederig
bekruip vreemde aande my
terreurloos en skaam
kom sit nuwe maskers op my
skouer –
vra om verdra te word

selfbewus swel my hart
soos 'n rubbertjap
op bepoeierde beloftes
sonder argwaan

**Woordemoes #3:**




mnr.muller:

met tevrede voete staan jy
ingehark in die sandbak
jou kuif oopmond soos 'n swaai
jou kindergeskal luid en wild
terwyl jy
(my groen sprinkaan)
voluit jil

haasbek
sodat die voëltjies verwilderd
fladder

en die sproete wip op jou neus

estelleke:

met wawiele
fladder jy oor
my voete
jou wimpers taai
van roomys
liewe kind hoe
hark jy my hart
saam met die
stokkielekker
oopmond in jou
haasbek

Marijke:

wipneus honde kwyl
haasbek rol die kind roomys
welsalig hark my kleuter
die laaste stukkie herfs
sprinkaan tjirp tevrede
oopmond
op die bankie langs my

**Bron**: mnr.muller, 2012. Aanlynjoernaal. Beskikbaar by http://mnrmuller.wordpress.com/2012/02/02/sagte-liefde-se-eerste-sprong/#comments (Toegang verkry op 23 Junie 2014).